Oefening 2018-9$\mathcal{A}$L-00001(1)

(1) In ′n pak kaarte word al die harte uitgehaal. Dan word een kaart uit die oorblywende pak kaarte getrek. Wat is die waarskynlikheid dat die kaart:

(a) ′n rooi koningin sal wees?
(b) ′n agt sal wees?

(2) ′n Pak bevat 120 lekkers. ′n Kwart is toffies en ′n sesde is sjokolades. Die res is suiglekkers.

(a) Hoeveel van elke soort lekkers is daar?
(b) As Craig ′n lekker ewekansig uit die pak neem, watter soort lekker sal hy die heel waarskynlikste neem? Watter lekker sal hy die mins waarskynlikste neem?
(c) Indien Craig een lekker ewekansig uit die pak neem, wat is die kans dat dit ′n toffie sal wees?

(3) Die onderstaande tweerigtingtabel toon die aantal ure wat ′n groep studente per week spandeer om te studeer, en ook of hulle op hul eie studeer of deel is van ′n studiegroep.

	Studeer op hul eie	Studiegroep	Totaal
Minder as 5 uur	15	24	
Tussen 5 en 10 uur	32		
Meer as 10 uur	28		62
Totaal			200

(a) Voltooi die tabel.

(b) Indien een student lukraak uit hierdie groep gekies word, wat is die waarskynlikheid dat die student:

(i) minder as 5 uur per week op sy eie studeer?

(ii) as deel van ′n studiegroep studeer?

(4) ′n Dobbelsteen en ′n muntstuk word gegooi. Wat is kans dat die volgende verkry word:

(a) ′n 4 op die dobbelsteen en “stert” op die muntstuk?
(b) ′n 2 of ′n 3 op die dobbelsteen?